

Vrydag 6

SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 18:9-17; 1 KORINTIËRS 1:1

FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 18:17; 1 KORINTIËRS 1:1

Sosthenes – Moet nooit te klein van God dink nie!

Ons lees twee maal van Sosthenes (van ongebroke krag) in die Bybel – in Handeling 18:17 en in 1 Korintiërs 1:1. Ons kan aanvaar dat dit een en dieselfde persoon is. Dit op sigself is merkwaardig. *Hoekom?*

In Handeling 18 het 'n groep Jode in Korinte soos een man teen Paulus opgestaan en hom voor die regbank van Gallio gebring. Paulus het nie eers kans gekry om homself te verdedig nie, want die Jode is deur die soldate by die hofsaal uitmekaar gejaag en Paulus was vry. God is getrou en Hy beskik dat niemand Paulus aanval of kwaad aandoen nie (vs 10).

Uit pure frustrasie oor Gallio se weiering om die Jode te help, het hulle die nuwe hoof van die sinagoge, Sosthenes, gegryp en aangerand. In hierdie episode is dit duidelik dat Satan nie skroom om God se kinders aan te val nie. As hy nie vir Paulus kan stuit nie, haal hy sy gramskap op die onskuldiges uit. So het die Joodse leier Sosthenes, wat heel waarskynlik die Christene simpatiek gesind was, in die spervuur van Satan se woede beland.

Die HERE se genade is egter ook vir Sosthenes groot en Hy spreek deur Sosthenes tot ons. Hier gebeur 'n wonder van God, wat wys dat jy nooit te klein van God moet dink nie. Dieselfde Sosthenes kom tot bekering en volg Paulus na Efese toe hy Korinte verlaat.

Sosthenes, 'n ondersteuner van die Christene, word deur Paulus in 1 Korintiërs 1:1 sy broer en medeskrywer genoem, wat so help met die verspreiding van die evangelie van Jesus Christus. Paulus wil met sy verwysing na Sosthenes die gemeente verseker dat 'n man van aansien uit hulle midde met die inhoud van die brief instem en saam met die apostel die bekendes in Korinte groet.

God bring self groot leiers van die opposisie tot bekering en maak hulle tot kragtige instrument in sy Koninkryk. Selfs Satan moet voor God se almag swig.

Sing: Psalm 68-1:9 (1936)

Dr. De Wet Saaiman (Krugersdorp)